Kampeerder (c)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Die geleentheid te gee om georganiseerd saam te beplan.
2. Die noodsaaklikheid van samewerking te laat besef.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Saam met die Offisier die volgende beplan:
   - Bepaal die doel van die kamp en stel die program saam.
   - ‘n Terrein identifiseer wat geskik sal wees vir die program en dit bespreek.
   - Bepaal en finaliseer die reisreëlings.
   - Help met die opstel van die hele kamp se spyskaart.
   - Bepaal die kostes (kampgeld en reisgeld).
   - ‘n Lys saamstel van alles wat moet saamgaan (kampgerei, kombuisgoed, kos, persoonlike benodigdhede, kursus- of programbenodigdhede).
   - As groep ‘n werksverdeling doen.
2. Die kamp self:
   - Kamp moet minstens twee nagte aaneenlopend duur.
   - Kampplek gereed maak vir twee inspeksies.
   - Behulpsaam wees met kosvoorbereiding.
   - By een geleentheid moet elkeen sy eie maaltyd voorberei (byvoorbeeld omelet in ‘n sakkie).
   - Moet ‘n vuur aanpak en onderhou om kos voor te berei.
3. Moet deel wees van
   - ‘n vlaghysing tydens die kamp. ‘n Seremonie kan hiervoor uitgewerk word.
   - ‘n kampvuurprogram en deelneem aan ‘n kampvuuritem.
4. Noodsituasies
   - Voor die kamp help om ‘n doelmatige noodhulptassie te pak.
   - Stel ‘n noodplan op.
   - In staat wees om die volgende noodhulp te kan toepas:
     - snywond behandel
     - ‘n ligte brandwond behandel
     - ‘n doring in die voet kan uithaal
     - weet wat om te doen as bye jou toetakel
     - weet wat om te doen as ‘n spinnekop jou byt
     - weet wat om te doen as ‘n slang iemand gepik het.
5. Vertrek
   - Help met die inpak en oppak.
   - Help met die opruim van die terrein.
6. Afronding onder leiding van die Offisier:
   - Persone bedank wat behulpsaam was.
   - Deelneem aan ‘n bespreking na die kamp en aantekeninge maak wat as verslag kan dien.
   - Finansiële state van die kamp saamstel.

C AANBIEDING

1. Dit is alles werk wat tuis voor die kamp gedoen moet word. Moet dit nie afskeep nie, want dit kan die sukses of mislukking van die kamp bepaal. Die doel van die kamp kan wees om gees te bou. Inligting kan in die verskillende graadwielboeke gevind word asook op die webblad. Wat die saamstel van kampgeld betref moet die volgende in berekening gebring word: terreinhuur, vervoer, voedselaankope, kursus-materiaal, kentekengeld. Alles sal egter nie by alle kampe van toepassing wees nie en u moet dit sien as 'n riglyn. Doen al die voorbereiding op skrif vir latere gebruik.

2. "Inspeksie" kan tent-, kamer- of 'n hutinspeksie insluit. Die doel is om netheid van die kampterrein te verseker en ook om die kind bewus te maak van die feit dat hyself vir die netheid verantwoordelik is. Behulpsaam wees beteken dat elkeen by meer as een geleentheid deel van die kosmaak en opruimspan moet wees en werklik sy deel moet doen. Gee byvoorbeeld aan elkeen 'n stukkie vleis of wors, 'n aartappel, 'n wortel en 'n ui met die opdrag dat hy vir homself moet kosmaak. Om 'n totale vermorsing te voorkom sal u voor die tyd 'n lesing/demonstrasie moet gee oor die voorbereiding van 'n ete in die veld.

3. Die vereiste het ten doel om die kinders selfvertroue en vaardighede aan te leer. Voorafinligting en hulp is noodsaaklik.

4. Dit is almal noodsituasies wat op 'n kamp kan plaasvind. Die aanbieding moet prakties gedoen word en daarna moet elkeen geleentheid kry om dit toe te pas.

5. Vereiste 6. Die kampverslag is baie belangrik, want dit bied die geleentheid om die projek krities te evalueer. Dit sal goed wees as almal eers saam 'n bespreking hou oor die kamp en dat alle aspekte aange-raak word. Die kind moet ook ervaar dat om jouself te kritiseer geleenthede skep vir verbetering in die toekoms. Na die bespreking kan elkeen sy verslag en moontlik ook voorstelle vir verbetering in die toekoms, saamstel.